800.18

REPORT

OF THE BLACK AFFAIRS AUTHORITY IN RESPECT OF THE BLACK COMPENSATION FUND ESTABLISHED IN TERMS OF SECTION 109 (2) OF THE OCCUPATIONAL DISEASES IN MINES AND WORKS ACT, 1973 (ACT 78 OF 1973)

for the period 1 April 1979 to 31 March 1980.

TO THE HONOURABLE THE MINISTER OF MINERAL AND ENERGY AFFAIRS
TO THE HONOURABLE THE MINISTER OF CO-OPERATION AND DEVELOPMENT
TO THE COMPENSATION COMMISSIONER FOR OCCUPATIONAL DISEASES

I have the honour to present, in terms of Section 119 (1) of Act 78 of 1973, my report for the period 1 April 1979 to 31 March 1980.

DIRECTOR-GENERAL : CO-OPERATION AND DEVELOPMENT
DATE: 11/3/1981

LEGISLATION

1. In terms of section 109 (1) of the Occupational Diseases in Mines and Works Act, 1973 (Act 78 of 1973) which repealed the Pneumoconiosis Compensation Act, 1962 (Act 64 of 1962) as amended, the Black Affairs Authority, defined as the Director-General : Co-operation and Development, is charged with the payment of a benefit or any other amount awarded by the Compensation Commissioner for Occupational Diseases in terms of the Act, or the previous Act, to or in respect of a Black person.

COMPENSATION TO BLACK PERSONS

2. Benefits for compensatable diseases are awarded as follows by the Compensation Commissioner, after the certification committee has found that a Black person is suffering from a compensatable disease which he contracted as a result of employment at or in connection with a controlled mine or a controlled works:-

(i) in the case of a compensatable disease other than tuberculosis if a benefit was not previously awarded, a one-sum benefit of R1 331;

(ii) in the case of tuberculosis together with any other compensatable disease, if a benefit was not previously awarded, a one-sum benefit of R1 598;

(iii) in the case where a benefit was previously awarded in respect of tuberculosis or any other compensatable disease, an additional one-sum benefit equal to the difference between R1 598 and the benefit previously awarded; and

(iv) in the case of tuberculosis with which the person concerned was in the opinion of the certification committee already affected while he was performing risk work, or at any time within twelve months as from the date on which he performed risk work if he had worked not less than 200 shifts and if a benefit was not previously awarded in respect of tuberculosis, a one-sum benefit of R799.

BENEFITS IN RESPECT OF DECEASED BLACK PERSONS

3. When the certification committee has found that a deceased Black person who performed risk work, at or in connection with a controlled mine or a controlled works, was at the time of his death suffering from a

compensatable disease in respect of which he would have been entitled to a benefit, had he not died, the Commissioner shall award benefits as follows:-

(i) in the case of a compensatable disease other than tuberculosis, or of such other compensatable disease together with tuberculosis if the deceased did not before his death become entitled to a benefit, two thirds of the benefit to which he would have been entitled had he not died;

(ii) in the case of tuberculosis, if he did not before his death become entitled to a benefit, one-half of the benefit to which the deceased would have been entitled had he not died;

(iii) in the case of tuberculosis together with any other compensatable disease, if the deceased became entitled before his death to a benefit, two thirds of the additional benefit to which the deceased would have been entitled had he not died.

SPECIAL AWARD TO A BLACK PERSON

4. If a Black person within the Republic, to whom a benefit was awarded has been paid in full, and is in necessitous circumstances and unable, by reason of old age or continous poor health, to earn sufficient means of subsistence, the Department may in its discretion, out of moneys in the Black Compensation Fund not required for the payment of benefits under this Act, make special awards to such person. Special awards have been increased from R285 to R330 with effect from 1 October 1979. Moneys not required for the payment of benefits consist of unpaid benefits in respect of which the beneficiary after a period of 24 months made no withdrawals and can not be traced.

PAYMENT OF BENEFITS

5. Benefits are paid as follows to or on behalf of beneficiaries:-

(a) Blacks inside the Republic - mainly in bi-monthly instalments of R55-00, and in certain circumstances, partly in a one-sum and partly in bi-monthly instalments of R55-00

(b) Blacks outside the Republic - In a single payment to the beneficiary or to the representative of the country of origin.

6. The books of the Black Compensation fund reflect a balance of R10 178 931 as at 31 March 1980 computed as follows:-

| | | | |
|---|---|---|---|
| Investment with the Public Debt Commissioners | | | R10 016 917 |
| Moneys in transit | | | 434 928 |
| Cash in Bank: Overdraft | | | (17 082) |
| Claims paid but not yet allocated against Fund | | | 46 665 |
| Advances to Sub-Accountants | | | 1 526 |
| Outstanding claims | | | - |
| | | | R10 482 954 |
| LESS | : | Black Governments Suspence | 102 467 |
| Less | : | Outstanding claims still to be paid | 201 556 |
| | | | R10 178 931 |

7. Investments as at 31 March 1980 with Public Debt Commissioners are made up as follows:-

| | |
|---|---|
| Immediate on call | 452 142 |
| Stock | 9 564 775 |
| | R10 016 917 |

8. Particulars of the number of beneficiaries as at 31 March 1980 are as follows:-

| | Active | Inactive | Total |
|---|---|---|---|
| Current benefits | 3 020 | 5 805 | 8 825 |
| Special awards | 60 | 179 | 239 |
| Total | 3 080 | 5 984 | 9 064 |

UNCLAIMED BENEFITS

9. Benefits in respect of Blacks who have after a lapse of two years not yet claimed their awards and who cannot be traced, are credited to an unclaimed benefits account from which special awards are made in terms of Section 115 of the Act. On 31 March 1980 the balance in this account amounted to R5 351 048. Payment of benefits is reinstated when a beneficiary or his depandants are traced.

VERSLAG

VAN DIE SWART SAKE-OWERHEID TEN OPSIGTE VAN DIE SWART VERGOEDINGSFONDS INGESTEL KRAGTENS ARTIKEL 109 (2) VAN DIE WET OP BEDRYFSIEKTES IN MYNE EN BEDRYWE, 1973 (WET 78 VAN 1973)

Vir die tydperk 1 April 1979 tot 31 Maart 1980.

AAN SY EDELE DIE MINISTER VAN MINERAAL- EN ENERGIESAKE
AAN SY EDELE DIE MINISTER VAN SAMEWERKING EN ONTWIKKELING
AAN DIE VERGOEDINGSKOMMISSARIS VIR BEDRYFSIEKTES

Ek het die eer om, ingevolge artikel 119 (1) van Wet 78 van 1973, my verslag vir die tydperk 1 April 1979 tot 31 Maart 1980 voor te lê.

DIREKTEUR-GENERAAL : SAMEWERKING EN ONTWIKKELING
DATUM: 11 Maart 1981

WETGEWING

1. Kragtens artikel 109 (1) van die Wet op Bedryfsiektes in Myne en Bedrywe, 1973 (Wet 78 van 1973), wat die Pneumokoniose-vergoedingswet, 1962 (Wet 64 van 1962), soos gewysig, herroep het, is die Swart sake-owerheid, omskryf as die Direkteur-generaal : Samewerking en Ontwikkeling, belas met die betaling van 'n voordeel of ander bedrag, wat ingevolge die Wet of die vorige Wet, aan of ten opsigte van 'n Swart persoon deur die Vergoedingskommissaris vir Bedryfsiektes toegeken is.

VERGOEDING AAN SWART PERSONE

2. Voordele vir vergoedbare siektes word soos volg deur die Vergoedingskommissaris toegeken nadat die sertifiseringskomitee bevind het dat 'n Swart persoon aan 'n vergoedbare siekte ly wat hy opgedoen het as gevolg van sy werk by of in verband met 'n beheerde bedryf:

(i) in die geval van 'n ander vergoedbare siekte as tuberkulose, indien daar nie voorheen 'n voordeel toegeken is nie, 'n enkelbedragvoordeel van R1 331;

(ii) in die geval van tuberkulose saam met 'n ander vergoedbare siekte, indien daar nog nie voorheen 'n voordeel toegeken is nie, 'n enkelbedragvoordeel van R1 598;

(iii) in die geval waar daar voorheen 'n voordeel ten opsigte van tuberkulose of 'n ander vergoedbare siekte toegeken is, 'n bykomende enkelbedragvoordeel gelyk aan die verskil tussen R1 598 en die voordeel wat voorheen toegeken is; en

(iv) in die geval van tuberkulose waardeur die betrokke persoon volgens die sertifiseringskomitee se oordeel reeds aangetas was, terwyl hy risikowerk verrig het, of te eniger tyd binne twaalf maande van die datum waarop hy die laaste keer risikowerk verrig het indien hy minstens 200 skofte gewerk het, en indien daar nie voorheen 'n voordeel ten opsigte van tuberkulose toegeken is nie, 'n enkelbedragvoordeel van R799.

<u>VOORDELE TEN OPSIGTE VAN OORLEDE SWART PERSONE</u>

3. Wanneer die sertifiseringskomitee bevind dat 'n oorlede Swart persoon, wat risikowerk by of in verband met 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf verrig het, ten tye van

sy dood aan 'n vergoedbare siekte gely het ten opsigte waarvan hy op 'n voordeel geregtig sou gewees het indien hy nie gesterf het nie, ken die Vergoedingskommissaris voordele soos volg toe:-

(i) in die geval van 'n ander vergoedbare siekte as tuberkulose, indien die oorledene nie voor sy dood op 'n voordeel geregtig geword het nie, tweederdes van die voordeel waarop hy geregtig sou gewees het indien hy nie gesterf het nie;

(ii) in die geval van tuberkulose, indien hy nie voor sy dood op 'n voordeel geregtig geword het nie, die helfte van die voordeel waarop die oorledene geregtig sou gewees het indien hy nie gesterf het nie;

(iii) in die geval van tuberkulose saam met 'n ander vergoedbare siekte, indien die oorledene voor sy dood op 'n voordeel geregtig geword het, tweederdes van die bykomende voordeel waarop die oorledene geregtig sou gewees het indien hy nie gesterf het nie.

SPESIALE TOEKENNING AAN 'n SWART PERSOON

4. Indien 'n Republiek Swart persoon, aan wie 'n voordeel toegeken is, ten volle betaal is, in behoeftige omstandighede verkeer en weens ouderdom of swak gesondheid nie in staat is om voldoende lewensmiddele te verdien nie, kan die Department na goeddunke uit gelde in die Swart Vergoedingsfonds wat nie vir betaling van voordele ingevolge die Wet nodig is nie, aan die betrokke persoon spesiale toekennings maak. Spesiale toekennings is met ingang van 1 Oktober 1979 van R285 na R330 verhoog. Gelde wat nie vir betaling van voordele nodig is nie, bestaan

uit onuitbetaalde voordele ten opsigte waarvan die begunstigde na verloop van 24 maande nog nie enige opvragings gedoen het en nie gespoor kan word nie.

UITBETALING VAN VOORDELE

5. Voordele word soos volg aan of ten behoewe van begunstigdes betaal:-

(a) Republiek-Swartes - Hoofsaaklik in paaiemente van R55-00 elke tweede maand en in sekere omstandighede gedeeltelik in 'n enkele bedrag en in tweemaandelikse paaiemente van R55-00.

(b) Swartes buite die Republiek - In 'n enkele bedrag aan die begunstigde of aan die verteenwoordiger van die land van herkoms.

6. Die Swart Vergoedingsfonds weerspieël 'n saldo van R10 178 931 op 31 Maart 1980 soos volg saamgestel:

| | |
|---|---|
| Beleggings by Staatskuldkommissarissse | R10 016 917 |
| Gelde in transito | 434 928 |
| Kontant in Bank: Oortrokke Saldo | (17 082) |
| Eise betaal wat nog nie teen Fonds toegewys is nie | 46 665 |
| Voorskotte aan Onderrekenmeesters | 1 526 |
| Uitstaande eise | - |
| | R10 482 954 |
| MIN : Swart Regerings Afwag | 102 467 |
| Min : Uitstaande eise wat nog vereffen moet word | 201 556 |
| | R10 178 931 |

7. Die beleggings by die Staatskuldkommissarisse soos op 31 Maart 1980 is soos volg saamgestel:-

| | |
|---|---|
| Onmiddellik opvraagbaar ............ | R 452 142 |
| Effekte .......................... | 9 564 775 |
| | R10 016 917 |

8. Besonderhede van die aantal begunstigdes soos op 31 Maart 1980 is soos volg:-

| | Aktief | Onaktief | Totaal |
|---|---|---|---|
| Lopende voordele | 3 020 | 5 805 | 8 825 |
| Spesiale toekennings | 60 | 179 | 239 |
| Totaal | 3 080 | 5 984 | 9 064 |

ONOPGEËISTE VOORDELE.

9. Swartes wat na verloop van twee jaar nog geen voordele opgeëis het nie en nie gespoor kan word nie, se voordele word na 'n onuitbetaalde voordelerekening gekrediteer waaruit spesiale toekennings ingevolge artikel 115 van die Wet gemaak word. Op 31 Maart 1980 het die saldo in hierdie rekening op R5 351 048 te staan gekom. Betaling van voordele word heringestel sodra 'n begunstigde of sy afhanklikes opgespoor word.

DEPARTEMENT VAN SAMEWERKING EN ONTWIKKELING
DEPARTMENT OF CO-OPERATION AND DEVELOPMENT

SWART VERGOEDINGSFONDS IN[illegible]STEL KRAGTENS DIE WET OP BEDRYFSIEKTES IN [illegible]E EN BEDRYWE, 1973 (WET 78 VAN 1973)
BLACK COMPENSATION FUND ESTABLISHED IN TERMS OF THE OCCUPATIONAL DISEASES IN MINES AND WORKS ACT, 1973 (ACT 78 OF 1973)

BALANSSTAAT SOOS OP 31 MAART 1980
BALANCE SHEET AS AT 31 MARCH 1980

| 1978/79 | LASTE/LIABILITIES | | 1979/80 |
|---|---|---|---|
| R | | R | R |
| 4 794 954 | Saldo van Fonds/Balance of Fund : | | |
| | Lopende voordele/Current benefits | 4 401 095 | |
| 25 053 | Spesiale toekennings/Special awards | 28 847 | |
| 4 059 754 | Onuitbetaalde voordele/Unpaid benefits | 5 351 048 | 9 780 990 |
| | Toekennings nog nie betaal nie /Benefits not paid : | | |
| 379 047 | Lopende voordele/Current benefits | 380 321 | |
| 13 174 | Spesiale toekennings/Special awards | 17 620 | 397 941 |
| - | Uitstaande eise/Outstanding claims | | 102 467 |
| 88 966 | Swart Regeringsafwag/Black Governments Suspense | | 201 556 |
| 236 797 | Uitstaande skatkisorders/Uncashed warrant vouchers | | 143 134 |
| 9 597 740 | | | 10 626 088 |

| 1978/79 | BATES/ASSETS | | 1979/80 |
|---|---|---|---|
| R | | R | R |
| 9 017 776 | By die Staatskuldkommissarisse belê/Invested with Public Debt Commissioners | 10 016 917 | |
| 230 610 | Plus : Toekennings in transito/Awards in transit | 434 928 | 10 451 845 |
| 285 983 | Kontant by Betaalmeester-generaal/Cash with the Paymaster-General | | 126 05[illegible] |
| 15 219 | Betaalde eise nog nie toegewys/Paid claims not yet allocated | | 46 66[illegible] |
| 14 244 | Voorskotte aan Onderrekenmeesters/Advances to Sub-accountants | | 1 526 |
| 33 908 | Uitstaande eise/Outstanding claims | | - |
| 9 597 740 | | | 10 626 088 |

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL SAMEWERKING EN ONTWIKKELING
DEPUTY DIRECTOR-GENERAL CO-OPERATION AND DEVELOPMENT

DATUM : 2-01-1981
DATE : .......................

Bostaande Balansstaat is ingevolge die bepalings van artikel 42(4) van die Skatkis- en Ouditwet, No. 66 van 1975, gelees met artikel 118(3) van die Wet op Bedryfsiektes in Myne en Bedrywe, No. 78 van 1973, geouditeer en is na my mening opgestel sodat dit 'n ware en juiste weergawe van die geldelike sake van die Swart Vergoedingsfonds gee.

The above Balance Sheet has been audited in accordance with the provisions of section 42(4) of the Exchequer and Audit Act, No. 66 of 1975, read with section 118(3) of the Occupational Diseases in Mines and Works Act, No. 78 of 1973, and in my opinion it has been drawn up so as to reflect a true and fair view of the financial affairs of the Black Compensation Fund.

KANTOOR VAN DIE OUDITEUR-GENERAAL
OFFICE OF THE AUDITOR-GENERAL

Wnd / Acting OUDITEUR-GENERAAL
AUDITOR-GENERAL

PRETORIA, 5/1/81.

# DEPARTEMENT VAN SAMEWERKING EN ONTWIKKELING

# DEPARTMENT OF CO-OPERATION AND DEVELOPMENT

## SWART VERGOEDINGSFONDS INGESTEL KRAGTENS DIE WET OP BEDRYFSIEKTES IN MYNE EN BEDRYWE, 1973 (WET 78 VAN 1973)

## BLACK COMPENSATION FUND ESTABLISHED IN TERMS OF THE OCCUPATIONAL DISEASES IN MINES AND WORKS ACT 1973 (ACT 78 OF 1973)

## STAAT VAN ONTVANGSTES EN BETALINGS VIR DIE JAAR GEëINDIG 31 MAART 1980

## STATEMENT OF RECEIPTS AND PAYMENTS FOR THE YEAR ENDED 31 MARCH 1980

| 1978/79 | ONTVANGSTES/RECEIPTS | | 1979/80 |
|---|---|---|---|
| R | | R | R |
| 8 276 412 | Saldo in Beleggingsrekening soos op 1 April 1979/Balance in Investment Account as at 1 April 1979 .......... | 9 017 776 | |
| 346 928 | Plus : Toekennings in transito/ Awards in transit ................. | 230 610 | 9 248 386 |
| 8 158 | Kontant voorhande soos op 1 April 1979/Cash on hand as at 1 April 1979 ................................ | | 49 216 |
| 3 772 640 | Voordele ontvang van die Vergoedingskommissarisse/Benefits received from the Compensation Commissioner ...... | | 3 664 430 |
| 719 156 | Rente ontvang/Interest received .... | | 819 586 |
| | Diverse ontvangstes/Miscellaneous receipts : | | |
| 46 495 | Voordele/Benefits ................. | 49 900 | |
| 15 104 | Afwag/Suspense ..................... | 5 905 | |
| - | Voorskotte/Advances ................ | 8 108 | 63 913 |
| 13 184 893 | | | 13 845 531 |

| 1978/79 | BETALINGS/PAYMENTS | | 1979/80 |
|---|---|---|---|
| R | | R | R |
| 1 929 725 | Voordele betaal/Benefits paid ... | 1 829 779 | |
| 1 851 966 | Voordele oorgeplaas na Swart Regerings/Benefits transferred to Black Governments ............... | 1 533 716 | 3 363 495 |
| | Diverse betalings/Miscellaneous payments : | | |
| - | Afwag/Suspense ................ | 4 273 | |
| 105 600 | Voorskotte/Advance ............. | 43 000 | 47 273 |
| 9 017 776 | Saldo's soos op 31 Maart 1980/ Balances as at 31 March 1980 : Beleggings by die Staatskuldkommissarisse/Investments with Public Debt Commissioners ....... | 10 016 917 | |
| 230 610 | Plus : Toekennings in transito/ Awards in transit .............. | 434 928 | 10 451 845 |
| 285 983 | Kontant by die Betaalmeestergeneraal/Cash with the Paymaster-General ........................ | 126 052 | |
| 236 767 | Min : Ongewisselde skatkisorders/ Less : Uncashed warrant vouchers | 143 134 | Kt. 17 082 |
| 13 184 893 | | | 13 845 531 |

### ONUITBETAALDE VOORDELEREKENING/UNPAID BENEFITS ACCOUNT

| 1978/79 | | 1979/80 |
|---|---|---|
| 3 696 604 | Saldo soos op 1 April 1979/Balance as at 1 April 1979 ............... | 4 059 754 |
| 398 353 | Rente ontvang/Interest received .. | 576 732 |
| 297 | Ontvangstes/Receipts ............. | 774 600 |
| 4 095 254 | | 5 411 086 |

| 1978/79 | | 1979/80 |
|---|---|---|
| 24 375 | Spesiale toekennings/Special awards | 28 862 |
| 8 485 | Bedrag oorgeplaas na Voordelerekening/Amount transferred to Benefits account ............... | 27 891 |
| 2 012 | Bedrag oorgeplaas na Swart Regerings/ Amount transferred to Black Governments ........................... | 3 285 |
| 4 059 754 | Saldo soos op 31 Maart 1980/Balance as at 31 March 1980 ............... | 5 351 048 |
| 628 | Bedrag oorgeplaas na afwag/Amount transferred to suspense ........... | - |
| 4 095 254 | | 5 411 086 |

ADJUNK- DIREKTEUR-GENERAAL SAMEWERKING EN ONTWIKKELING
DEPUTY DIRECTOR-GENERAL CO-OPERATION AND DEVELOPMENT

DATUM :
DATE : 2 -01- 1981